**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**OCTOBER / NOVEMBER 2005**
**OKTOBER / NOVEMBER 2005**

**ONTWERP SG**
**(Oop)**

**PUNTE: 300**

---

**Hierdie vraestel moet op 16 Mei 2005 oopgemaak word.**
Die eksamen bestaan uit EEN vraestel: Die Praktiese Oop Eksamen. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE dele, die Werkboek (voorbereidende tekening en 1 x A3- of 2 x A4-grootte finale tonale tekening(e) en die Finale Praktiese Werk(e). Daar is GEEN Teoretiese Eksamen-vraestel nie.

Algemene instruksies verskyn in <u>DIE INSTRUKSIES VIR DIE PRAKTIESE OOP EKSAMEN VIR ONTWERP SG 602-2/0, OOP: CASS PORTFOLIO</u>.

**ALGEMENE INLIGTING: OOP EKSAMEN**

- Verwys asseblief na die inhandigingsprosedure soos uiteengesit op bladsy 14.
- Die voltooide Werkboek (Jaarwerk-boek en Eksamenwerk-boek) met Jaarwerke en die Finale werk(e) moet op 16 SEPTEMBER 2005 om 12:00 by die Eksamenkommissaris ingelewer word.
  Individuele skole mag vroeër inhandigingsdatums stipuleer om by hulle eie interne skedule in te pas.
- Die FINALE EKSAMENWERK-BOEK (A3) moet die volgende bevat:
  1. Inhoudsopgawe
  2. Navorsingsprojek
  3. Verwysingsmateriaal
  4. Voorbereidende tekening en EEN A3- of TWEE A4-grootte finale tonale tekening(e)
  5. Rasionaal
- Besonderhede oor die benadering vir elke kategorie verskyn in <u>Die Instruksies vir die Praktiese Oop Eksamen vir Ontwerp 602-2/0, Oop: CASS PORTFOLIO</u>.
- **Jaarwerk-vereistes**: Elke kategorie vir Ontwerp stipuleer die bepaalde vereistes vir die jaarwerk. Hierdie vereistes is vervat in <u>Die Instruksies vir die Praktiese Oop Eksamen vir Ontwerp 602-2/0, Oop: CASS PORTFOLIO</u>.

  **LW:** Die jaarwerk-vereistes is VERPLIGTEND en slegs dáárdie kandidate wat in staat is om aan die vereistes te voldoen, mag die eksamen in hierdie vak aflê.

  Kandidate wat geen jaarwerk-navorsing (A4- of A3-werkboek), voorbereidende tekening en 1 x A3- of 2 x A4-grootte finale tonale Jaarwerk-tekening(e) en TWEE praktiese Jaarwerke inlewer nie, sal geen punte vir hierdie gedeelte van die eksamen ontvang nie.

- **Nasien van die eksamen**: Finale werke, soos voorgeskryf in die eksamenvraestel, moet aangebied word as ? **uitstalling** saam met die Finale Werkboek (A3- grootte navorsing, voorbereidende tekening en 1 x A3- of 2 x A4-grootte finale tonale tekening(e) en Jaarwerk-boek A3- of A4-navorsing voorbereidende tekening en 1 x A3- of 2 x A4-grootte finale tonale tekening(e)) en TWEE Jaarwerke.
- Werklike Jaarwerke, en nie foto's daarvan nie, **MOET UITGESTAL WORD**.
- **Assessering**: Punte sal soos volg toegeken word (TOTAAL = 300)

**Jaarwerk**

| | | |
|---|---|---|
| Navorsingsprojek (A3- of A4-grootte) | | (25) |
| Tekeninge: EEN A3- of TWEE A4-grootte tekening(e) met voorbereidingswerk | | (25) |
| Twee Praktiese Jaarwerke | | (100) |
| | SUB-TOTAAL: | (150) |

**Eksamen**

| | | |
|---|---|---|
| Navorsingsprojek (Slegs A3-grootte) | | (25) |
| Tekeninge: EEN A3 of TWEE A4-grootte tekening(e) met voorbereidingswerk | | (25) |
| Finale Praktiese Werke | | (100) |
| | SUB-TOTAAL: | (150) |
| | **TOTAAL:** | **300** |

1. VOLTOOI DIE VOLGENDE EKSAMENNAVORSING-PROJEK.

**NAVORSING-PROJEK (Insameling van inligting)**

**Vereistes**

Die navorsingsprojek moet direk na die Inhoudsopgawe in die A3-grootte Werkboek verskyn. Die navorsing behoort nie in opstelvorm geskryf te word nie, maar eerder as 'n versameling **beelde** / **illustrasies** met aantekeninge ('n wisselwerking tussen teks, beeldmateriaal en sketse). Die aanbieding en bladuitleg van hierdie komponent is baie belangrik.

Die navorsingsprojek moet uit die volgende DRIE dele bestaan om sodoende die kandidaat se vermoë ten opsigte van probleemoplossing in verband met enige aspek van die ontwerp-opdrag / tema in EEN van die gekose ontwerpkategorieë te stimuleer.

b.o.

**LW.:** DEEL 1 en DEEL 2 moet uit ± 200 woorde bestaan.

**DEEL 1 (5 punte)**

**Eksplorasie / Ondersoek van die tema:**

Die kandidaat moet ? **persoonlike ondersoek** onderneem en ? kritiese waardering doen van ? **ontwerper soos van toepassing op die tema / opdrag**. Die ondersoek mag ? bespreking van enige van die volgende aspekte insluit:

- Die invloed van kultuur / media / omgewing / tradisies / geloofstelsels / klas / politiek / ras / geslag of enige ander faktor(e) wat die ontwerper se benadering tot die objek / artikel kan beïnvloed
- Historiese ontwikkeling
- Funksionaliteit en dekorasie
- Kunsbeginsels en kunselemente
- Media / materiaal
- Stylkenmerke ens.

**DEEL 2 (10 punte)**

Die kandidaat moet ? **persoonlike ondersoek doen en vergelyking tref tussen twee of meer aspekte van die opdrag / tema / of ontwerp in die sosiale, historiese en kulturele verband**. Bespreek ooreenkomste en verskille wat enige aspek reflekteer soos van toepassing op ontwerp. **Dit moet enige twee kunsstyle of kunsmedia wees**.

Ondersoek verskillende neigings/style of kunsmedia en motiveer die voorkoms van sekere karaktereienskappe van sommige van hierdie kunsstyle/neigings of kunsmedia in jou praktiese werk.

**DEEL 3 (10 punte)**

Die kandidaat moet ? **formele analise en kritiese waardering** (100 – 200 woorde) skryf oor enige ontwerp(e) (brosjure, plakkaat, muurpaneel, keramiekstuk, ens.), **soos aangetref word in die internasionale omgewing**. ? Voorbeeld of fotostaat van die ontwerpte objek, artikel of inligtingstuk moet in die werkboek geplak word, tesame met die bespreking en analise daarvan.

Die bespreking **mag** die volgende **insluit**:

- Empiriese data: Titel, ontwerper / kunstenaar, grootte, materiaal en datum
- Gebruik van kunsbeginsels (balans, skikking, harmonie, verhouding en herhaling) en kunselemente (lyn, toonwaarde, tekstuur, kleur, fatsoen, vorm en ruimte)
- Medium / Materiaal
- Die effektiwiteit van die objek / artikel (brosjure, plakkaat, muurpaneel, ens).
- Die vereistes vir die sukses van hierdie soort objek / artikel (brosjure, plakkaat, ens.) of bemarkingsveldtog
- Sosiale invloed / kulturele invloed / tradisies / geloofstelsels wat die sukses van hierdie objek / artikel of bemarkingsveldtog beïnvloed

b.o.

- Persoonlike ontwerpoplossings om effektiewer ontwerp(e) te bewerkstellig

Die kandidaat moet gepaste woordeskat en terminologie gebruik en ? begrip daarvan toon in sy / haar bespreking en ontleding van een of meer van die objekte / artikels wat ontwerp is.

2. VOLTOOI DIE VOLGENDE PRAKTIESE OPDRAG (100 punte)

**TEMA: "TROTS SUID AFRIKAANS"**

Die "Trots Suid-Afrikaans" -logo is die simbool vir ? "Koop Suid-Afrikaans"-veldtog wat beoog om ? nuwe sensitiwiteit vir nasionale trots te bemark. Hierdie is ? veldtog wat poog om ons almal trots te laat voel oor ons land, morele standaarde, manier van lewe, wat ons is, koop en voor lewe. Hierdie logo is ? simbool wat gebruik word deur maatskappye en produkte wat aan sekere standaarde moet voldoen, bv., die produk of diens moet uit minstens 50% plaaslike inhoud bestaan, dit moet van hoë kwaliteit spreek en moet voldoen aan regverdige arbeidspraktyk en verantwoordelikheid teenoor die omgewing. Hierdie veldtog is ? kragtige manier om plaaslike maatskappye te ondersteun, om reeds bestaande werke te beskerm en om nuwe werksgeleenthede te skep. Die "Trots Suid-Afrikaans" -etiket is die een wat jou sal laat voel soos ? goeie Suid-Afrikaanse burger. Indien jy ? artikel sou koop met hierdie etiket op is jy verseker van ? goeie koop en ? geruste gewete. Ons ondersteun trots hierdie konsep, asook al die suksesvolle maatskappye en individue daaragter. Hierdie logo toon dat die burgers van ons land baie in gemeen het, nieteenstaande al die verskille. Hierdie bewuswordingsveldtog spoor Suid-Afrikaners aan om meer plaaslike/inheemse produkte te produseer en daarby meer werksgeleenthede te skep. Die uitdaging is nou vir die maatskappye wat nog nie hierby betrokke geraak het nie om dit wel te doen tot voordeel van ons ekonomie. As ons plaaslike nywerhede respekteer, ondersteun, beskerm en help om te groei sal min lande met ons kan kompeteer. Plaaslike talentsoekers identifiseer ontluikende handewerk, kos en ontwerptalent en hierdie individue kry opdrag om hulle artistiese interpretasie te gee van "Trots Suid-Afrikaanse" objekte ens. – gryp hierdie kans aan! Hierdie werke gaan deel word van ? eksklusiewe "Trots Suid-Afrikaans"-versameling wat plaaslik en internasionaal uitgestal sal word. Kom ons vier Suid-Afrikaanse ontwerp en dekor soos gesien in die strate van Suid-Afrika. "Trots Suid-Afrikaans" beeld ? eklektiese mengsel van geskiedenis en kultuur, die avant-garde en nuwe ikone uit.

KANDIDATE MOET **EEN** VAN DIE VOLGENDE PRAKTIESE OPDRAGTE OOR DIE BOGENOEMDE TEMA VOLTOOI. DIT MOET VOLGENS DIE INSTRUKSIES VIR DIE PRAKTIESE OOP EKSAMEN VIR ONTWERP 602-2/0, OOP: CASS PORTFOLIO BEANTWOORD WORD. (SIEN PRAKTIESE VEREISTES VIR ELKE KOMPONENT VAN ONTWERP.)

**OPDRAG**: Voltooi EEN van die volgende praktiese komponente:

Die getal werke wat vir elke komponent vereis word, word uiteengesit in Die Praktiese Vereistes van Die Instruksies vir die Praktiese Oop Eksamen vir Ontwerp (602-2/0 Oop): CASS PORTFOLIO.

2.1 **JUWELIERSKUNS**

Ontwerp **juwele** wat idees betreffende "**TROTS SUID-AFRIKAANS**" uitbeeld. "Trots Suid-Afrikaans" beeld ? eklektiese mengsel van geskiedenis en kultuur, die avant-garde en nuwe ikone uit en jy mag dié konsep gebruik in die ontginning van die opdrag.

**OF**

2.2 **KOMMUNIKASIE- / INLIGTINGSONTWERP**

Ontwerp ? nuwe en unieke **logo** of **identiteit** (d.w.s. ? naam) wat "**TROTS SUID-AFRIKAANS**" bevorder. Dit kan enige van die volgende wees: ? tipiese Suid-Afrikaanse maatskappy / winkel of enige artikel / objek / produk wat gebruik word om "Trots Suid-Afrikaans" te bevorder. ? Kandidaat moet ? reeks van vier bemarkingsitems vervaardig vir die maatskappy of produk. (Sien Riglyne vir Ontwerp SG 2000). Jy mag NIE die reeds bestaande logo gebruik nie.

**OF**

2.3 **ILLUSTRATIEWE ONTWERP**

**Illustreer** enige aspek wat verband hou met "**TROTS SUID-AFRIKAANS**". Dit mag enige van die volgende wees: mense, bestemming(s), ? ekspo, maatskappy / winkel of enige artikels / objekte / produkte waarmee "Trots Suid-Afrikaans" bevorder kan word. Die titel van die boek / tydskrif en CD is "TROTS SUID-AFRIKAANS" en moet op die omslae verskyn. (Neem asseblief kennis dat die titels op alle items met die **hand gedoen moet word**).

**OF**

2.4 **DEKORATIEWE ONTWERP**

Ontwerp **patrone** of **konseptuele ontwerpe** wat deel kan wees van die dekorasie en / of produkte / handelsware wat verkoop kan word by ? "**TROTS SUID-AFRIKAANS**" Ekspo. "Trots Suid-Afrikaans" beeld ? eklektiese mengsel van geskiedenis en kultuur, die avant-garde en nuwe ikone uit en jy mag dié konsep gebruik in die ontginning van die opdrag.

**OF**

2.5 **TEKSTIELONTWERP**

**Opsie A**

Ontwerp ? spesifieke **tekstiel-** of **kledingstof** vir ? "**TROTS SUID-AFRIKAANS**" Ekspo / Inligtingsentrum. "Trots Suid-Afrikaans" beeld ? eklektiese mengsel van geskiedenis en kultuur, die avant-garde en nuwe ikone uit en jy mag dié konsep gebruik in die ontginning van die opdrag. (Sien die Riglyne vir Ontwerp SG 2000 vir vereistes).

**Opsie B (Mode-ontwerp)**

? Kandidaat mag verkies om spesifieke **tekstiel(e)** of **kledingstowwe** te skep wat sal dien as uniform of uitrusting vir mense wat by ? "**TROTS SUID-AFRIKAANS**"-funksie / -maatskappy werk.

Voltooi die volgende:

**VIER FINALE WERKE:**

- DRIE patroonontwerpe waarvan TWEE meng-en-pas moet wees (die twee ontwerpe moet bymekaar pas) én
- EEN modeontwerp-skets van ? model wat sowel die voorkant as agterkant van die kledingstuk vertoon.
- Materiaalmonsters en -bykomstighede mag ook getoon word.
- Elke voltooide patroonontwerp moet ? minimum grootte van A4 tot A3 wees, geverf op papier of karton.
- Die skets mag in kleur of monochromatiese tekenmedia van A3- tot A2-grootte voltooi word.
- Die skets is deel van die finale werk en moet nie beskou word as een van die finale tonale sketse wat ook ingehandig moet word nie.

**OF**

2.6 **FOTOGRAFIE**

As ? ateljeefotograaf word jy gevra om ? reeks van TIEN **foto's** te neem van enige iets wat verband hou met die opdrag "**TROTS SUID-AFRIKAANS**" vir Beeldende Kuns doeleindes of vir ? reklamebemarking-veldtog. Eenheid en kontinuïteit in die ontwikkeling van die tema moet getoon word. "Trots Suid-Afrikaans" beeld ? eklektiese mengsel van geskiedenis en kultuur, die avant-garde en nuwe ikone uit en jy mag dié konsep gebruik in die ontginning van die opdrag.

**OF**

2.7 **INDUSTRIËLE ONTWERP**

Ontwerp en skep ? **stoel en tafel** wat gebruik kan word as deel van ? uitstalling by ? "**TROTS SUID-AFRIKAANS**" Ekspo / Maatskappy. Oorweeg stoorplek, gemaklikheid en unieke/kreatiewe ontwerp met hierdie ontwerp. Die eenheid moet duursaam en esteties aangenaam wees. "Trots Suid-Afrikaans" beeld ? eklektiese mengsel van geskiedenis en kultuur, die avant-garde en nuwe ikone uit en jy mag dié konsep gebruik in die ontginning van die opdrag.

**OF**

2.8 **WEEFKUNS**

Ontwerp en skep EEN **funksionele artikel**, byvoorbeeld ? houer wat kan oop- en toemaak of ? geweefde mat wat gebruik kan word in die ingangsportaal van ? "**TROTS SUID-AFRIKAANS**" Ekspo / Maatskappy. "Trots Suid-Afrikaans" beeld ? eklektiese mengsel van geskiedenis en kultuur, die avant-garde en nuwe ikone uit en jy mag dié konsep gebruik in die ontginning van die opdrag.

**OF**

2.9 **GLASKUNS**

Ontwerp ? **loodglaspaneel** vir die ingangsportaal van ? "**TROTS SUID-AFRIKAANS**" Ekspo / Maatskappy. "Trots Suid-Afrikaans" beeld ? eklektiese mengsel van geskiedenis en kultuur, die avant-garde en nuwe ikone uit en jy mag dié konsep gebruik in die ontginning van die opdrag.

**OF**

2.10 **REKENAARGESTEUNDE ONTWERP**

Ontwerp ? nuwe **logo** of **identiteit** (d.w.s. ? naam), wat gebruik gaan word om "**TROTS SUID-AFRIKAANS**" te bemark. "Trots Suid-Afrikaans" beeld ? eklektiese mengsel van geskiedenis en kultuur, die avant-garde en nuwe ikone uit en jy mag dié konsep gebruik in die ontginning van die opdrag.

Een van die volgende aspekte kan geadverteer word:

- ? Spesifieke **maatskappy / winkel** wat artikels / objekte verkoop wat verband hou met "**TROTS SUID-AFRIKAANS**".

**OF**

- Die **gebeurtenis / uitstalling** wat "**TROTS SUID-AFRIKAANS**" bevorder of aanmoedig.

**OF**

- ? **Produk / artikel** wat verkoop kan word by ? "**TROTS SUID-AFRIKAANS**" Ekspo / Maatskappy.

  * Wanneer ? kandidaat kies om ? boek- / tydskrifomslag en CD-omslag te ontwerp geld die volgende:

  Die boek- / tydskrifomslag en CD-omslag kan enige aspek uitbeeld wat van toepassing is om die tema. Dit kan ? geskiedkundige of hedendaagse beskouing wees. Die titel van die boek / tydskrif is "Trots Suid-Afrikaans" en moet op die omslag verskyn. Handgedoende letterwerk **moet** op die handgedoende gedeelte aangebring word. Hierdie letterwerk kan dan in die rekenaar ingeskandeer en gemanipuleer word of nuwe letterwerk kan vanaf die rekenaar gebruik word vir die rekenaargegenereerde gedeelte.

## ADDENDUM A / *BYLAE A*

This addendum must be cut out, copied, completed, signed and pasted on the front cover of the Examination Workbook and the Yearwork.

*Hierdie bylae moet uitgesny, gekopieer, ingevul en onderteken word en op die voorblad van die Eksamenwerk-boek en Jaarwerk-boek geplak word.*

Indicate with a cross (X) whether this is the Year Workbook or Examination Workbook.

*Dui met 'n kruis (X) aan of hierdie die Jaarwerk-boek of Eksamenwerk-boek is.*

| | |
|---|---|
| YEAR WORKBOOK<br>*JAARWERK-BOEK* | |
| EXAMINATION WORKBOOK<br>*EKSAMENWERK-BOEK* | |

**2005 OPEN EXAMINATION / *OOP EKSAMEN 2005***

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Name of Subject / *Naam van Vak* | |
| 2 | Code of Subject / *Vakkode* | |

Declaration / *Verklaring*

| | |
|---|---|
| This work was done under the supervision of the Art educator and without the help of anybody else.<br><br>This is to certify that all work submitted is the original and own work of the candidate. | *Hierdie werk is onder toesig van die Kunsopvoeder, sonder enige hulp van enigiemand anders, gedoen.*<br><br>*Hiermee word gesertifiseer dat alle werk wat ingelewer is die oorspronklike en eie werk van die kandidaat is.* |

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Examination Number/ *Eksamennommer* | | | | | | | | | | | | |
| Centre Number / *Sentrumnommer* | | | | | | | | | | | | |
| District / *Distrik* | | | | | | | | | | | | |
| Region / *Streek* | | | | | | | | | | | | |

| | | |
|---|---|---|
| | Signature / *Handtekening* | Date / *Datum* |
| Principal / *Hoof* | | |
| Examination Commissioner / *Eksamenkommissaris* | | |

**ADDENDUM B / *BYLAE B***

NB: SEND IN ON OR BEFORE 1 SEPTEMBER 2005 FAX TO: (012) 346 1740
*LW: STUUR IN VOOR OF OP 1 SEPTEMBER 2005 FAKS AAN: (012) 346 1740*

NUMBER OF CANDIDATES ENROLLED FOR DESIGN SG 602-2/0
*GETAL KANDIDATE INGESKRYF VIR ONTWERP SG 602-2/0*

SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION : 2005
*SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN : 2005*

SCHOOL / *SKOOL*: ______________________________________________

DATE / *DATUM*: ______________________________________________

ADDRESS / *ADRES*: ______________________________________________

______________________________________________________________

TEL NO.: / *TELNR*.: ______________________________________________

FAX NO.: / *FAKSNR*.: ______________________________________________

CENTRE NUMBER / *SENTRUMNOMMER*: ______________________________________

ART EDUCATOR / *KUNSOPVOEDER:* ______________________________________

**2005 OPEN EXAM : DESIGN SG 602-2/0**
***OOP EKSAMEN 2005 : ONTWERP SG 602-2/0***

Please note that centre number ___________________ has fewer than ten / more than ten candidates enrolled for DESIGN SG for the Senior Certificate Examination for 2005. The exact number of candidates is: __________.

*Let asseblief daarop dat sentrumnommer ___________________ minder as tien / meer as tien ingeskrewe kandidate in die vak, ONTWERP SG, vir die Seniorsertifikaat-eksamen van 2005 het. Die ingeskrewe getal kandidate is: __________.*

Please send to
The Examiner: DESIGN SG
P O Box 36294
Menlo Park
Pretoria
0102
Fax Number: (012) 346-1740

*Stuur asseblief aan*
*Die Eksaminator: ONTWERP SG*
*Posbus 36294*
*Menlo Park*
*Pretoria*
*0102*
*Faksnommer: (012) 346-1740*

**ADDENDUM C(1) / *BYLAE C(1)***

DECLARATION BY THE ART EDUCATOR
*VERKLARING DEUR DIE KUNSOPVOEDER*

WORK SUBMITTED TO THE EXHIBITION VENUE TO BE HANDED TO THE PERSON IN CHARGE OF THE EXHIBITION VENUE

*WERKE INGEHANDIG BY DIE UITSTAL LOKAAL AAN DIE PERSOON IN BEHEER VAN DIE UITSTALLOKAAL*

I, the art educator of ____________________________________________________

centre number ______________________ declare that the completed works (design and

workbooks) of _________ candidate(s) were handed to this exhibition venue

_____________________ to ____________________________ (person in charge) for

evaluation on this ______ day of _________________ 2005 for the subject

DESIGN SG 602-2/0.

*Ek, die kunsopvoeder van ___________________________________________________*

*sentrumnommer __________________verklaar hiermee dat ________________ kandidate se*

*voltooide werke (ontwerp en werkboeke) by hierdie uitstallokaal ________________________*

*aan ________________________________________( persoon in beheer) oorhandig is vir 'n*

*evalueringsuitstalling op hierdie ________ dag van _________________2005 vir die vak*

*ONTWERP SG 602-2/0.*

ART EDUCATOR / *KUNSOPVOEDER:* __________________________________________

EXHIBITION CO-ORDINATOR / *UITSTALLING KOÖRDINEERDER*: ____________________

**END / *EINDE***

## SUBMISSION PROCEDURES

All schools must ensure that the art educator adheres to the following guidelines with regard to the handing in of practical work(s):

- Exam centres will not receive mark sheets for practicals. CASS mark sheets will, however, be distributed to each centre.
- The duly completed CASS mark sheet together with all the related practical pieces of work, (Workbooks, Yearbooks, Final Artworks) must be handed over to the school's Senior Certificate Exam officer by no later than 16 September 2005.
- Attendance registers will also be sent to schools for all ART II subjects. Registers, duly completed, must be submitted with the completed CASS mark.
- The marking schedule/roster for all Art II subjects will be sent to schools in August 2005.

## INHANDINGINGSPROSEDURES

Alle skole moet seker maak dat die Kunsopvoeder die volgende riglyne vir die inhandiging van alle praktiese werk(e) nakom:

- Die puntestate vir die praktiese werk sal nie na die eksamensentrums gestuur word nie. CASS-puntestate sal egter na elke sentrum gestuur word.
- Die CASS-puntestaat moet behoorlik voltooi word en saam met al die betrokke praktiese werkstukke (werkboeke, jaarboeke, finale kunswerke) by die skool se Seniorsertifikaat-beampte ingehandig word nie later nie as 16 September 2005.
- Bywoningsregisters sal ook na skole gestuur word vir al die KUNS II – vakke. Registers, behoorlik en betyds voltooi, moet saam met die voltooide CASS-punt ingehandig word.
- Die nasienrooster vir alle KUNS II – vakke sal in Augustus 2005 aan skole gestuur word.

**END / *EINDE***